
# OLOFF DIE SEEROWER

NO. 2.




Amper oombliklik word hy bewus van die beweging vlak voor hom. Vinnig spring hy agteruit en 'n skerp pyn skiet deur die wond in sy sy. Dit is amper asof hy Van Osse se swaard voor hom verby voel skiet. Hy kap met sy wapen ondertoe en slaan hard teen die lem van sy teenstander se swaard. Dadelik swaai hy dit terug en Van Osse gil van pyn wanneer Oloff hom in die bors tref. Blykbaar is die wond nie te ernstig nie, want nou kan hy hoor dat Van Osse nie langer probeer om sy bewegings te verberg nie. Blykbaar het die man agteruit gespring. Meteens skreeu hy hard.

# OLOFF DIE SEEROWER

NO. 2.

60s
+2s A.U.B



# Hoofstuk 1

Dit is kort voor die middag. Aangename sonstrale vul die baai van die Kaap die Goeie Hoop. Op die spieëlgladde water lê die groot skip Jansje Meer. Die seile is opgevou en die pragskip vertoon soos 'n kasteel tussen die kleiner skepe en bote in die baai. Die Jansje Meer is reeds 'n week in die hawe. Die luukse vaartuig van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie is op pad na Batavia. Vanmiddag met hooggety sal dit vertrek en die fiskaal van die Kaap, Frederick de Nuys, asook die niggie van die goewerneur, Anna te Hoogen, sal aan boord wees.

Wit branders klots op die skoon sand van die breë strand wat van die stad af omkurwe en ver wegdein in die rigting van Blaauwberg. Tafelberg en Leeuberg staan helder afgeëts teen die koringblou lug; geen mis of wolke vervaag hul beeld nie.

Die strate van die Kaap is bedrywig. Weelderige koetse rammel in die middestad oor die klipblad van die hoofweë. Waens en kapkarre staan voor winkels en sakeondernemings uitgespan. By wynhuise en ander tapperye staan tientalle perde met die teuels oor die dwarsbalke gehang. Seuns van ryk koopmans wat probeer om die ledige ure van hul gemaksugtige bestaan te vul, meng met slawe wat haastig deur die stad heen beweeg om die een of ander opdrag uit te voer.

'n Luukse koets rammel oor die plaveiklippe in die rigting van die Kasteel. Wanneer dit onder die poort deurgaan, salueer die wagte flink. Hulle herken die dogter van een van die senior koopmans. Bertha Neethling is die intieme vriendin en vertroueling van die goewerneur se niggie. Sy besoek die Kasteel dikwels. Vanoggend kom sy om haar vriendin te help om haar laaste goedjies in te pak en die finale voorbereidings te tref vir die lang reis na Batavia, en ook om van haar afskeid te neem. Trouens, sy is een van die hooggeplaastes wat genooi is om die middagmaal aan die Kasteel te kom geniet—'n afskeidsmaal vir Anna te Hoogen en die fiskaal, Frederick de Nuys.

'n Portier in die ampslivrei van die gebou regs van die Kasteelpoort. Hier oorhandig hy haar aan een van die hofdames van die goewerneur se niggie.

In Anna te Hoogen se kamer omhels die vriendinne mekaar.

Bertha kyk verwonderd om haar heen na die menigte groot koffers en pakkies. Sy skud haar kop onderwyl sy glimlag.

,,'n Mens sou sê jy gaan nooit weer terugkom nie, Anna!'' roep sy uit.

Anna te Hoogen lag. Sy kyk om haar heen.

,,Dit lyk inderdaad so, Bertha,'' antwoord sy met haar sagte musikale stem, ,,maar soos jy weet, duur dit weke om daar te kom. Bowendien sal ons seker ses maande in Batavia vertoef voordat ons terugkom.''

Bertha kyk haar vriendin teer aan. Sy sien die weemoedigheid in haar helder blou oë.

Anna te Hoogen is 'n beeldskone meisie. Haar gesig is sterk, maar om haar ken en lippe is daar 'n volheid wat 'n aangename warmte aan haar voorkoms verleen. Van haar satyngladde voorhoof onder die hoog gekartelde pruik tot by die sagte ronding van haar hals is sy volmaak geskape. Die eenvoudige maar duur tabberd strek van haar skouers tot om die dun middellyf en bol dan wyd oor die hoepels tot op die grond.

Die meeste mense wat Anna te Hoogen ken, ken haar as die weeskind wat deur die goewerneur aangeneem en grootgemaak is. Sy woon al verskeie jare in die kasteel. Sy is intelligent en het die beste opvoeding gekry wat die goewerneur haar kon gee. In baie opsigte het sy haar vereenselwig met die probleme van die Kaapse nedersetting. As die goewerneur se vertroueling oefen sy heelwat invloed uit op sy besluite en ook die Politieke Raad het reeds agtergekom dat haar menings regverdig en gegrond is en dat hulle dit nie lig durf verontagsaam nie.

Dit is egter nie hieraan dat Bertha Neethling nou dink nie. Daardie uitdrukking in haar vriendin se oë voer haar etlike maande terug na 'n gebeurtenis wat die Kaap indertyd diep geskok het.

,,Anna,'' sê sy sag, ,,dit wil my voorkom asof jy Oloff van Wagenaar nog nie vergeet het nie?''

,,Hoe kán ek hom ooit vergeet, Bertha?'' roep Anna te Hoogen uit, asof selfs die gedagte daaraan haar seermaak. ,,Geen ander man het my nog ooit so getrek soos hy nie. Tot vandag toe glo ek nog aan sy onskuld. Maar dit is so bitter moeilik om na al hierdie maande nog vertroue te hê terwyl die hele wêreld teen hom gekant is.''



,,Jy kan hulle dit nie kwalik neem nie, Anna,'' sê Bertha. ,,Volgens alle bewyse het hy sy eie vader se lewe geneem. Hy't teruggekom met belaglike stories dat die mense wat sy onskuld kan bewys deur seerowers om die lewe gebring is. Ek weet dat jy my vertel het hoe hy jou belowe het om die moordenaar van sy vader terug te bring en sodoende sy onskuld te bewys, maar dit het nog nie gebeur nie, Anna. Jy moet hom vergeet.''

,,Ek kan nie.'' Anna te Hoogen laat haar kop sak. Haar hande is voor haar saamgevou. ,,Ek glo dat hy nog sal kom. Dit is net jy, Bertha, wat van hierdie geheim van my weet. Dit is net aan jou wat ek vertel het van sy belofte aan my om daardie man wat sy ewebeeld is en wat werklik die misdaad gepleeg het waarvan hý nou beskuldig word, op te spoor en voor die gereg te sleep. Miskien, Bertha, miskien sal ek hom iewers in die Ooste raakloop. Hy het immers in daardie rigting vertrek.''

,,Jy weet watter stories daar vertel word,'' hervat Bertha. ,,Jy't gehoor van die gruweldade van die seerowers. Magtigste van hulle almal is die gevreesde Oloff—die man wat homself Oloff die Seerower noem. Hulle beskrywe hom as iemand met blou oë en rooi hare. Die allervreeslikste wreedhede word aan hom toegeskryf. En wie anders as Oloff van Wagenaar kan hy wees? Dié Oloff word dan juis daarvan verdink dat hy sy vader met behulp van seerowers vermoor het!''

,,Hou op, Bertha!'' roep Anna uit, en haar vriendin kan sien hoe gespanne sy is. ,,Ek weier om te glo dat dit Oloff is. Dit moét daardie ander man wees wat net soos hy lyk.''

,,Dit is net jy wat so dink, Anna.'' 'n Oomblikkie bly sy stil. ,,O Anna, Anna,'' roep sy dan uit, ,,jy weet hoe jammer ek vir jou voel!''

Anna glimlag stil. Sy sit haar arm om haar vriendin se skouers.

,,Ek weet dat jy my beste vriendin is, Bertha. Meer as dit kan ek nie sê nie.'' Sy haal haar skouers op en hou haar kop fier orent.

,,Kom,'' sê sy, ,,laat ons hierdie onaangename dinge vergeet. Miskien is dit maar alles net drome. Vertel my, Bertha, wat sê die mense daarvan dat ek en die aantreklike jong onafhanklike fiskaal saam na Batavia gaan?''

,,Wat sê hulle nie alles nie!'' roep Bertha uit onderwyl sy

haar hande saamklap. „Almal is daarvan oortuig dat ons binnekort die huweliksklokkies gaan hoor lui."

Anna te Hoogen lag, maar dit is effens droog.

„Selfs hý dink so," sê sy stadig.

„Dink jy nie miskien dat dit veel beter sou wees as. . ."

„Moet dit nie sê nie, Bertha," val Anna haar in die rede. „Jy weet hoe ek teenoor Frederick de Nuys voel. Hy mag nou wel 'n skrander jong man wees, en hy hét vinnig opgang gemaak, in die Kompanjie se diens, maar—nee, Bertha, kom ons vergeet dit ook maar. Help my om daardie paar laaie leeg te maak. Dit is nog al wat oorbly. Daarna moet ons binnetoe gaan, want die middagmaal sal oor 'n uur of wat begin. Ons moet darem 'n rukkie tussen die mense rondbeweeg sodat ek hulle almal kan tot siens sê."

Die groot voorsaal is reeds vol amptenare, koopliede en ander hooggeplaastes. Hulle staan in groepe rond en gesels. Bediendes beweeg stadig tussen hulle deur met skinkborde vol van die vonkelende Constantiawyn.

As Anna te Hoogen en Bertha Neethling hul verskyning maak, word hul oombliklik deur 'n groep van die jongmans omring. Vooraan is Frederick de Nuys. Sy langwerpige oë is wyd oop noudat hy Anna sien. Sy hoë wangbene word beklemtoon deur die glimlag wat oor sy gelaat sprei. Hy bied haar sy arm aan en hulle beweeg tussen die skare deur tot in 'n gerieflike hoek waar 'n paar stoele nog leeg staan. Sodra die dames plaasgeneem het, drom die jong mans om hulle saam. Hulle lag en gesels en skerts. Die mans betreur die feit dat hule so lank sonder Anna se beeldskone teenwoordigheid moet bly. Hulle beny de Nuys die voorreg om hierdie reis saam met haar deur te maak.

Die jong fiskaal staan trots langs haar. Hy is nog maar jonk en tog het hy reeds 'n ongeëwenaarde magsposisie aan die Kaap. Hy is regstreeks aan die Here Sewentien verantwoordelik, en selfs die goewerneur moet versigtig wees hoe hy voor die fiskaal optree. Hierdeur, en ook omdat hy gedurig met ampsake in die Kasteel besig is, het hy Anna goed leer ken. Dit het dan ook dikwels gebeur dat hulle, vernaamlik by amptelike onthale, saam gesien is. Hierdie reis Batavia toe het die vermoede versterk dat Anna te Hoogen heeltemal gediend is met die jong fiskaal se vlerkslepery, alhoewel hy eintlik op 'n sakereis gaan en sy om familie te besoek.



Kaptein Roelof Manker, kaptein van die Jansje Meer, en 'n paar van sy offisiere buig voor die dames. Hulle wissel 'n paar woorde en dan stel kaptein Manker twee ander mans aan die groep bekend. Die een is kaptein Ruiter en die ander 'n offisier, Jan Heerden.

By die aanhoor van hierdie name roep verskeie van die jongmans verras uit. Ook Frederick de Nuys staan nader.

„Dan is u die kaptein Ruiter wat die wonderlike ontkoming gehad het toe die Seewraak u aangeval het? Ons het al so gehoop om u te ontmoet."

„Ja," antwoord kaptein Ruiter stadig en daar is die kalm glimlag van 'n man wat veel leiding verduur het, om sy lippe. „Ons was moeg en wou eers rus voordat ons weer mense sien. U kan self verstaan dat die ontbering. . ."

„Natuurlik, natuurlik!" roep de Nuys uit. „U moet ons verskoon dat ons so nuuskierig is en dat ons sommer die saak aanroer. As u verkies. . ."

„Geensins," antwoord Ruiter. „Ons gee nie om om daaroor te praat nie. Ongelukkig is ons verhaal egter van die soort wat 'n mens in die geselskap van dames sal wil. . ."

„Maar ek verseker u, kaptein Ruiter," laat Anna te Hoogen hoor, „dat ons net so graag wil hoor wat u ervarings was. U het seker al gehoor dat ek en mynheer de Nuys vanmiddag na Batavia vertrek. Dit is tog op daardie seeroete dat u aangeval is, nie waar nie?"

„Ja," antwoord die kaptein. „Ek moet u egter meedeel, mynheer de Nuys, dat u opmerking van so pas nie heeltemal juis was nie. Oorspronklik is ons deur 'n ander skip aangeval. Dit was nie die Seewraak nie. Die Seewraak, soos ek verstaan, is die skip van Oloff die seerower, soos hy bekend staan. Dié het maar eers op ons afgekom nadat die geveg oor was."

„Maar dit klink eienaardig," sê een van die ander jong mans. „Die storie wat ons gehoor het, was natuurlik maar vaag. Ek verstaan dat u en mynheer Heerden die enigste oorlewendes is?"

Kaptein Ruiter laat sy kop sak. Nou eers is die diep plooie op sy gesig duidelik sigbaar. Die tonele wat hul voor sy oë afgespeel het, moet 'n diep indruk op hom gemaak het. Inderdaad gebeur dit selde dat enigeen die verwoede seerower-aanvalle oorlewe.

„Die res van my bemanning was reeds dood toe my skip

onder die golwende deining verdwyn het. Heerden en ek het aan 'n stuk van 'n mas vasgeklou. Tussen die ronddrywende voorwerpe het hulle ons nie opgemerk nie. 'n Seestroom het ons gedurende die nag kus toe aangedryf en deur die Here se genade is ons nie deur haaie aangeval nie."

,,Maar wat het eintlik gebeur, kaptein? Is die gerugte wat ons in verband met die gevreesde Seewraak hoor, eg?"

,,Heel waarskynlik, ja," sê die kaptein en begin dan vertel: ,,Ons was op pad Batavia toe toe ons 'n seil op die horison gewaar. Dadelik het ek die seile van my skip vol gespan. 'n Mens weet nooit wie jy mag teëkom nie. Ons het in so 'n posisie probeer kom dat ons vinnig sou kon padgee indien die aankomende skip 'n vyandig gesinde sou wees. Dit was 'n kaperboot! Hy het ons ingehaal en onder sy kanonne laat deurloop. Die swaar koeëls het ons maste afgemaai. Onderwyl algehele wanorde aan boord geheers het, het die seerowerskip nader gekom. Die grypysters het die twee vaartuie aan mekaar gekoppel en soos wilde barbare het die skurke oor die kant gestroom en elke lewende wese voor hulle platgeslaan.

,,Gedurende die geveg het niemand opgemerk dat 'n ander skip ons vinnig nader nie. Heerden en ek was voor die agterstewe in 'n hoekie vasgekeer. Ons was digby die kantreling en toe iemand meteens uitroep dat 'n derde skip op die toneel verskyn het, het ons aanvallers 'n oomblik teruggeval en omgekyk. Heerden en ek het van daardie oomblik gebruik gemaak om oor die kant te duik en onder die ronding van die skip skuiling te soek. Van die dek af het ons verbaasde uitroepe gehoor. Dit het geklink asof daar 'n mate van vrees by die seerowers ontstaan het. Haastig het hulle teruggeklouter na hul eie skip toe en is die gryptoue deurgekap sodat die twee vaartuie van mekaar af wegbeweeg het.

,,Ons kon die naderende skip duidelik sien. Dit is een van die grootste skepe wat ek nog teëgekom het. Ek sou sê dat die Kompanjie se modernste skip skaars daarmee vergelyk kan word. En wat my die meeste getref het, was die vaart waarmee dit die golwe gekloof het. Daar was nie veel wind nie, maar die skip het beweeg asof 'n woedende storm dit voortgeja het.

,,Dit het buite ons gesigslyn verdwyn toe dit om die agterstewe van my skip geseil het. 'n Oomblik later was daar egter die donderende gebulder van kanonne. Ons kon die paniekerige geskreeu en gille van pyn duidelik hoor. Versigtig



het ons al langs die kant van die skip beweeg tot by die voorpunt. My skip was toe reeds aan die sink, maar die toneel voor ons het my verbitterde hart weer bly gemaak. Ons aanvallers se skip het reeds heeltemal na die een kant toe oorgehel en was vinnig besig om te sink. Op daardie oomblik het die Seewraak—ons kon die naam duidelik sien toe die skip nader gekom het—nog vir oulaas losgebrand en nogeens het die skroeiende kanonkoeëls oor die dek van die kaperboot geveeg. 'n Paar oomblikke later het dit onder die golwe verdwyn.

,,Nog nooit vantevore het ek 'n skip so vinnig sien sink nie. Inderdaad, die Seewraak het seker die knapste kanonnier wat jy jou kan voorstel."

,,Dit klink soos 'n sprokie!" roep Bertha Neethling uit. ,,Was dit nie vir die aakligheid daarvan nie, sou dit amper romanties gewees het."

,,Wat het die Seewraak daarna gedoen?" verneem de Nuys.

,,Dit het met 'n wye draai om my skip geseil," vertel Ruiter verder. ,,Heerden en ek het reeds die mas beetgekry en het ons daaragter versteek. Ons wou nie in hulle hande val nie. Die skip het skaars vyftig tree van ons verbygevaar en ons kon die pragtige lyne daarvan dus duidelik sien. Dit is goed versorg alhoewel dit 'n kaperboot is. Ons kon selfs die bemanning sien. Op die kwartdek het drie man gestaan. Twee was van middelmatige lengte en die derde lank en skraal. Die middelste was 'n kêrel met breë skouers, en ek het selfs die sonlig op sy rooi hare sien blink!"

Hy hou op met praat toe Anna te Hoogen haar asem vinnig intrek. Almal kyk na haar. Sy het egter reeds haar hoof laat sak en toe sy weer opkyk, is daar net ernstige belangstelling in haar blik. Dit is maar net Bertha Neethling wat bewus is vandie spanning in haar vriendin se houding en wat sien hoe sy krampagtig aan die leuning van die stoel vashou.

,,Dit was seker Oloff die Seerower, nie waar nie?" verneem sy en niemand kan die bewing in haar stem agterkom nie.

,,Volgens die ander stories wat ek gehoor het, sal dit seker so wees, ja."

,,Maar hoe is dit dan dat hy teen sy eie seerowermakkers draai?" roep een van die mans uit. ,,Ek het dan verstaan dat hulle almal. . .?"

,,Ja," roep 'n ander uit, ,,seerowers beroof mekaar tog nie!"

,,Nee," antwoord kaptein Ruiter. ,,Ons het ook lank daaroor

geredeneer. My persoonlike mening is dat die Seewraak se mense gedink het dat die kaperboot wat ons oorspronklik aangeval het, nog nie geleentheid gehad het om my skip te beroof nie. Daardie Oloff wou dus met die buit wegstap."

,,Het hy dit gedoen?" verneem Anna te Hoogen.

,,Nee," antwoord Ruiter. ,,My skip het te gou gesink. Trouens, Heerden en ek moes vasklou vir al wat ons werd was om nie deur die water ingesuig te word nie. Daarna het die Seewraak weggeseil, asof hy maar bloot sy reis voortsit en nie 'n paar oomblikke vantevore 'n ander skip na die bodem van die see gestuur het nie."

'n Oomblik heers daar stilte. Kaptein Manker het bygestaan onderwyl Ruiter die verhaal van sy noue ontkoming vertel het. Alhoewel Ruiter reeds 'n paar dae in die Kaap is, is dit nou die eerste keer dat die storie werklik vertel word. Maande lank praat almal egter reeds van die verskrikking van die Indiese Oseaan—soos die kaptein van die Seewraak genoem word. Die gevreesde Oloff die Seerower is aan die Kaap die onderwerp van amper elke gesprek!

Nie alleen kompanjieskepe word beroof nie, maar ook skepe van ander nasies kom gereeld met stories van dieselfde gruwelike ontmoetings aan. Inderdaad het die roete na die Ooste een van die aller onveiligstes ter wêreld geword.

,,Ek het van twee gevalle gehoor," sê een van die mans na 'n rukkie. ,,'n Franse skip is ongeveer driehonderd myl noordoos van Madagskar aangeval, en skaars 'n week later is 'n Kompanjieskip 'n paar myl suid van Delagoabaai gesink. Daar word beweer dat beide aanvalle die werk van hierdie Oloff was."

,,Dit klink amper onmoontlik," werp 'n ander teë. ,,Tog is daar verskeie wat vir die egtheid van die storie kan instaan."

,,'n Mens weet skaars meer wat om te glo," sê Anna te Hoogen onderwyl sy na Frederick de Nuys kyk. Die jong man vertolk hierdie woorde van Anna as 'n aanduiding dat sy begeer dat daar nou weer oor iets anders gesels moet word. Hy val dus die vertellings in die rede.

,,U sal onthou, mynhere," roep hy uit, ,,dat ek en juffrou Te Hoogen vanmiddag Batavia toe vertrek. Dit is natuurlik nie die aangenaamste onderwerp waaraan ons op die oomblik kan dink nie."



,,Natuurlik, natuurlik!" roep 'n paar van die ander uit en ook kaptein Ruiter vra onmiddellik verskoning dat hy aan die versoek toegegee het om sy verhaal te vertel.

Met haar aanloklike glimlag verseker Anna hom dat hy maar net haar eie sowel as die ander se begeerte bevredig het. Sy bedank hom en spreek die hoop uit dat hulle mekaar weer sal sien voordat sy vertrek.

'n Rukkie later verlaat Anna en Bertha die vertrek. Binnekort sal die maal 'n aanvang neem. Onderwyl hulle met een van die gange afstap, sê Bertha sag:

,,Miskien is dit tog nie hy nie, Anna."

,,Dankie, Bertha," antwoord Anna te Hoogen met haar kop fier in die lug. ,,Maar as dit wel hy is, sal ek hom vergeet. Dan sal ek weet dat die beskuldigings teenhom waar is, en dat dit maar net ek met my dwaasheid en sagte hart was wat in hom geglo het."

## Hoofstuk 2

Die wind vul die seile van die Jansje Meer. Die luukse Kompanjieskip vorder fluks op pad Batavia toe. Die afgelope paar dae verander die stuurman reeds sy koers geleidelik meer noorwaarts. Volgens die berekening is hulle nou ongeveer tweehonderd myl suid van Madagaskar. Soms kan die passasiers ver aan hul linkerkant die dowwe dynserigheid van Afrika se kus sien. Alhoewel die skip gedurig in die diep water bly, hou hulle koers saam met die buiging van die kuslyn.

Op die middedek, digby die kwartdek, staan Anna te Hoogen en Frederick de Nuys by die kantreling. Alhoewel daar heelwat passasiers aan boord is, is dit asof dié twee mekaar se geselskap verkies.

Daagliks het die opgewondenheid in Anna te Hoogen se gemoed gestyg. Dit is asof daar iets in haar is wat haar gedagtes gedurig na Oloff van Wagenaar terugstuur. Menigmaal betrap sy haar op haar bepeinsinge en dan skud sy met mening die gedagtes van haar af. Hulle vaar nou oor die waters waar die seerowers so dikwels op hul prooi toeslaan. Heel waarskynlik is dit maar net daarom, en ook vanweë die verband wat daar tussen Oloff van Wagenaar en Oloff die Seerower gebring word, dat sy soveel aan hom dink. Tog is daar 'n gevoel van angs by haar. Dit is asof daar iewers voor haar 'n waarheid skuil wat sy liewer nie ontmasker wil hê nie. Sy vrees die moontlikheid dat haar herinneringe aan daardie jong man wreed versteur mag word.

„Waaraan dink jy nou weer, Anna?" verneem Frederick langs haar. Sy skrik effens, skud haar kop 'n slag en kyk dan na hom.

„Ek kyk maar sommer na die water," antwoord sy kalm. „Daar is nie eintlik veel meer om te doen nie."

„Verveel die reis jou?"

„Nie eintlik nie. Jy is baie bedagsaam, Frederick. Sonder jou mag dit wel die geval gewees het."

„Dit is wonderlik om dit te hoor, Anna." 'n Oomblik aarsel hy, en dan vervolg hy skielik:

„Jy weet hoe ek oor jou voel. Ek weet dat jy nie wil hê dat ek daaroor moet praat nie maar wanneer jy so iets sê, gee dit my altyd moed en hoop. Hoe lyk dit Anna, is dit dan nie moontlik dat jy my ook eendag kan liefkry nie?"



Sy skud haar kop, maar nie heftig nie. Sy weet dat Frederick de Nuys 'n selfsugtige man is en dat hy sy snelle opgang in die diens van die Kompanjie daaraan te danke het dat hy altyd gereed was om 'n ander opsy te stoot wanneer dié in sy pad staan. Daarom het sy lank reeds tot die gevolgtrekking gekom dat een van sy grootste beweegredes om haar hand te vra, is dat hy sy band met die goewerneur wil versterk. Tog is hy altyd so eg in sy liefdesverklaring dat dit ook vir haar dikwels voorkom asof hy haar werklik bemin.

„Ek het nog nooit gesê dat dit heeltemal onmoontlik is nie, Frederick, ek het haar maar net gevra dat jy die saak daar moet laat. Op die oomblik. . ." Sy hou op met praat. Bo van die mastop af skreeu die wag luidkeels:

„Daar is 'n seil op die horison!"

Hulle kyk eers na hom toe op en dan staar almal in die rigting waarheen hy wys. Intussen haal kaptein Roelof Manker sy verkyker uit en tuur lank daardeur. Die bemanning skreeu die nuus vir mekaar en onder uit die kajuite en die ruime kom matrose vinnig aangehardloop. Daar is meteens 'n gevoel van spanning aan boord te bespeur. Altyd wanneer 'n ander skip gesien word, ontstaan die tergende vraag: Sal dit vriend of vyand wees?

„Wat sien u, kaptein!" roep Frederick de Nuys. Manker haal sy skouers op.

„As julle wil, kan julle hierheen kom," nooi hy hulle vriendelik uit.

Frederick help Anna by die leertjie op en hulle sluit hul by die kaptein aan. Frederick neem die verkyker en plaas dit teen sy oog. Dit duur 'n rukkie voor hy die spikkeltjie kan onderskei. Na nog 'n minuut is dit vir hom moontlik om duidelik die seile en die wit skuimrand om die skip te onderskei. Hy oorhandig die verkyker aan Anna.

„Kyk of jy dit kan sien."

'n Oomblik later draai sy na die kaptein toe.

„Wat sou u dink, kaptein? Is dit. . .?"

„Ek weet nie, maar. . ." Hy skud sy kop heftig. „Daar is geen rede om onrustig te wees nie, juffrou Te Hoogen. Heel waarskynlik is dit 'n handelsvaarder wat op pad terug is Europa toe. Ons sal wel mettertyd agterkom wie dit is."

Ander passasiers het ook uitgekom. Frederick en Anna sluit hulle by hulle aan by die kantreling. Almal kyk in die rigting

van waar die ander skip kom. Hulle kan die vaartuig nou met die blote oog raaksien.

Van bo af roep die kaptein bevele uit. Die bemanning klouter teen die touwerk op. Rats beweeg hulle langs die dwarsmaste en balke op en word die boonste voor- en agterseile oopgevou. Wanneer die wind dit vang en dit styf uitbol: gaan daar 'n ruk deur die skip. Dit is asof hierdie bykomstige dryfkrag die boeg effens dieper in die water druk.

,,Hy vertoon nie 'n vlag nie. bulder die wag bo uit die kraaines.

Blykbaar het kaptein Manker dit ook reeds opgemerk. Hy swaai die verkyker van sy gesig af weg en skreeu na benede:

,,Kanonnier. laai die kanonne en maak die geskutspoorte oop! Alle passasiers moet teruggaan na die kajuite toe. Laai die geweers en pistole. Sluit oop die magasyn en deel die wapens uit!"

Verskrik staar die dames na mekaar. Anna se bors hyg op en af. Daar is egter geen teken van vrees in haar stem wanneer sy met Frederick praat nie.

,,Kom ons gaan, Frederick." Onderwyl sy praat begin sy aanstap. Frederick de Nuys volg haar. Hy verbaas hom vir die kalmte wat sy openbaar. Die ander passasiers volg hulle. In die groot algemene eetkajuit met die sitplekke onder die hoë vensters wat agter die skip uitkyk. vergader hulle.

In Anna te Hoogen se gemoed is daar 'n duisend dwarrelende vrae. As dit 'n seerower is. wie sê dat dit nie daardie man is wat as Oloff bekend staan nie?

Die deur gaan oop en kaptein Manker kom binne. Hy kyk om hom heen en sê dan saaklik:

,,Dit is 'n kaperboot." Sy woorde word onderbreek wanneer twee van die vrouens hard gil. Sodra hulle egter bedaar het. vervolg hy: ,,Dit is nie verpligtend nie. maar die hulp van die mans sal welkom wees. As u gewillig is om die skip te help verdedig. sal ons kanse soveel beter wees. Is daar enige van u wat. . ."

,,Natuurlik," roep Frederick uit. ,,Ons onderwerp ons aan u bevele."

Hy draai na Anna. kyk in haar oë en volg dan die kaptein na buite. As hy oor die reling kyk. sien hy die seerowerskip skaars 'n myl van hulle af. Duidelik kan hy die swart vlag aan die mas sien wapper.



,,As ons nou van koers verander en probeer vlug. sal ons kanse minder wees om weg te kom," verduidelik kaptein Manker. ,,Ons seil saam met die wind en dit kom my voor asof daardie skip dalk nie dieselfde vaart as myne het nie. Probeer ons egter nou al wegswenk. sal hulle ons kan voorkeer. Hulle kom skuins na ons toe aan en. . ."

Hy staar strak. Die ander volg sy blik. Blykbaar het die seerowers ook tot die gevolgtrekking gekom dat hulle hier met 'n vinniger skip as hulle s'n te doen het. Duidelik kan die bemanning van die Jansje Meer sien hoe die kaperboot met 'n draai voor hulle inskiet.

,,Verander koers. stuurman!" bulder Roelof Manker. ,,Swaai skerp na stuurboord!"

So vinnig reageer die stuurman dat die skip na die linkerkant toe oorhel. Die volgende oomblik roep Manker gedemp uit:

,,Die geslepe honde! Kyk daar!"

Die kaperboot het reeds weer teruggeswenk en pyl nou reg op die Jansje Meer af. Daar bestaan geen twyfel meer dat hulle vir hul lewens sal moet vlug nie. Die offisiere deel alreeds die wapens uit. Frederick de Nuys en die meeste van die passasiers het 'n rapier aan die sy. Nogtans word daar vir die wat wil hê. 'n sabel gegee. Elkeen kry ook twee pistole. Kaptein Manker verduidelik dat almal hulle aan die kant van die skip moet skaar van waar die aanval sal kom. Wanneer die seerowerboot binne trefafstand is. moet hulle 'n sarsie geweer- en pistoolskote aftrek. Daarna moet hulle vinnig herlaai. sodat hulle nog 'n skoot kan inkry voordat die skepe teen mekaar bots en die grypysters vasgehaak word.

'n Kanonskoot dreun oor die water. 'n Kanonkoeël plas vyftig tree skuins voor hulle in die water.

,,Dit is die teken dat ons ons seile moet inhaal," verduidelik Manker. ,,maar hulle verwag tog seker nie dat ons dit sal doen nie!"

Frederick de Nuys staan digby die kwartdek. Hy het dié posisie doelbewus uitgesoek. want sy gedagtes bly by Anna te Hoogen. Ingeval die seerowers die oorhand begin kry. sal hy graag wil terugval om by haar te kan kom. Reeds sien hy in sy verbeelding hoe hy haar tot die dood toe verdedig.

Die kaperboot mik na hulle bakboordkant toe. Volgens die koers wat dit nou hou. behoort dit ongeveer honderd tree van die Jansje Meer af verby te gaan. Op hierdie oomblik is dit

reeds sowat tweehonderd tree skuins voor hulle. Die Jansje Meer se vier kanonne aan die bakboordkant is gelaai en gereed.

Op honderd-en-vyftig tree swaai die kaperboot vinnig na die regterkant toe—weg van die Jansje Meer af. Die skip hel na die handelskip se kant toe oor.

„Hulle sal skiet sodra die boot weer regop is," waarsku Manker en dan skreeu hy hard op die kannonier: „Skiet sodra hulle onder skoot is. Swenk verder na stuurbord, stuurman!"

Die Jansje Meer hang skeef. Die lope van die kanonne mik reg op die water langs die skip. Stadig hel die maste terug en soos die kanonlope hoër oplig, maak die kanonnier gereed om die bevel te gee om te skiet.

Intussen het die kaperboot reeds in posisie gekom. Die geskutspoorte word wit van die rookdampe en oombliklik daarna dreun die grofgeskut. Die meeste koeëls val kort, maar een sing bokant hul koppe verby, en waar dit 'n paar kabels raak, skeur die seile aan repies.

Die seerowerskip hou aan met draai. Die boeg wys nou heeltemal weg van die Jansje Meer af. 'n Oomblik hang die seile slap, maar soos die skip 'n ent verder draai, word dit weer gevul en dan vaar die kaperboot parallel met die Jansje Meer voort.

„Hulle het omgedraai en gaan nou met die ander kanonne skiet!"

Op daardie oomblik bewe die skip onder Frederick de Nuys se voete. Die vier kanonne is gelyk afgevuur. Die rook walm hier teen die kant van die skip in sy gesig op. Hy knyp sy oë toe. Wanneer hy hulle weer oopmaak, sien hy dat drie van die koeëls in die water geplas het. Een het egter skuins oor die kaperboot se dek getrek en 'n deel van die kantreling weggevoer.

„Dit was amper 'n kolskoot," sê die man langs Frederick.

De Nuys knik. Hy praat egter nie. Sy keel is effens droog, want daardie geluid van skeurende seile hier bokant hom het hom ontstel.

Die kaperboot draai nog in hul rigting. Meteens is die lug weer vol van die skreeuende gesing van die kanonkoeëls. Hierdie keer klap minstens drie teen die maste, en een slaan deur die dek van die Jansje Meer. Daar is 'n gekraak van hout en 'n deel van die bemanning wat naby die groot middelmas staan, gil en skreeu en laat spaander na alle kante toe. Die



swaar balke slaan op die dek neer en 'n gedeelte daarvan word soos fyn plankies vergruis.

Dit is asof Frederick kan voel dat die vaart van die skip afneem. Amper helfte van die seile is reeds daarmee heen. Die kaperboot nader hulle nou vinnig. Die skip kom skuins na hulle toe aan en dit is heeltemal duidelik dat die twee skepe binne 'n paar minute langs mekaar sal wees.

Weer beveel Manker dat die stuurman verder regs moet draai. Sodra hy gehoorsaam het, vuur die kannonier die bakboordkanonne af. Hierdie keer tref al vier skote die kaperboot. Frederick kan duidelik drie gapende skeure in die kant van die skip sien. Die vierde koeël het die voorste mas met die seile en toue en al oor die kant van die skip geslinger.

Hierdie wending het egter te laat gekom. Manker gebied dat die geweers en pistole afgevuur word. Frederick korrel skaars. Hy kan selfs die gesigte van die seerowers op die skip skaars twintig tree van hulle onderskei. Dit is swart van mense langs die reling. Die seerowers hang aan die toulere en teen die maste. Hy sien die messe wat tussen hul tande geklem is. Pistole en geweers word van die kaperboot af op hulle gekorrel.

„Val plat!" skreeu Manker en dan sing die koeëls oor hul koppe verby. 'n Minuut later stamp die twee skepe hard teen mekaar. Frederick het reeds weer orent gekom. Hy moet koes, want 'n swaar grypyster trek hier by sy kop verby. Agter hom slaan dit op die dek neer en dan word die tou styf getrek. Dit gly 'n ent en haak uiteindelik teen 'n balk vas. Deur die lug kom 'n mensegestalte na hom toe aangeslinger. Die seerower hang aan 'n tou en het homself vorentoe geswaai. Vyf tree van De Nuys af spring hy ligvoet op die dek neer.

Frederick swaai om. Met sy rapier in die regter- en die swaar sabel in die linkerhand storm hy op die kêrel af. Hy sien die vuil, bebaarde gesig voor hom. Die skurk se breë sabel gaan omhoog, maar hy is te laat, want met 'n behendige swaai druk Frederick die rapierpunt in sy bors. Hy het in beweging gekom nog voordat die man heeltemal van sy sprong herstel het. As die kêrel voor hom neersak, swaai De Nuys om. Agter hom het hy die harde gestamp van voete gehoor. Daar is twee man voor hom. Woes bring hy sy sabel op om 'n hou af te keer. Langs hom, om hom, is hy bewus van 'n skreeuende, vegtende massa. Hy hoor die gille van pyn. Die bevele van die offisiere

van die Jansje Meer word verdoof deur die woeste geskreeu van die seerowers.

Frederick het omgespring. Hy tree terug en staan nou met sy rug teen die agterstewe. Sy rapierpunt flits voor hom heen. maar gedurig word hy deur die twee aanvallers teruggedryf. Hy skuif met die houtmuur langs totdat hy die deur wat na die eetkajuit voer agter hom voel. Hy laat die sabel in sy linkerhand val en voel-voel na die handvatsel. Intussen weer hy die swiepende. kappende sabels van hom af.

Die sweet tap hom af. Tussen die twee voor hom deur sien hy die worstelende. swoegende menigte. Dit lyk vir hom asof die bemanning van die Jansje Meer oor die dek na die anderkant toe teruggedryf word.

Hy draai die handvatsel. Die deur gaan agter hom oop. Hy hoor die gil van vrouens en raai dat daar 'n paar van hulle in die gang naby die deur was. Hulle was natuurlik nuuskierig en wou kom kyk wat daar buite aangaan. Hy kan hom voorstel hoe vreesbevange hulle daar in die kajuit moet wees.

Met 'n uiterste poging tree Frederick vorentoe. Hy swaai sy rapier met alle geweld heen en weer. Net vir 'n oomblik dryf hy die twee effens terug en dan spring hy agteruit en klap die deur toe. Oombliklik gooi hulle hul volle gewig daarteen. Hy beur soos 'n besetene. maar hulle druk die deur oop.

Skielik laat hy los en spring terug. Die twee tuimel half oormekaar en dan. voordat hulle hul ewewig kan herwin. spring De Nuys nader en te midde van histeriese gille agter hom. deurboor hy die twee mans met sy rapierpunt. Hy spring oor hulle en gooi die deur toe. Hy stamp die swaar grendel in.

Hy draai om. In die gang is daar nog net twee van die vrouens. Anna te Hoogen is besig om hulle terug te lei na die eetkajuit toe. Blykbaar het sy die ander reeds oorreed om terug te gaan. Frederick de Nuys stap agter hulle aan. In die kajuitdeur staan hy 'n rukkie en kyk na die vraende uitdrukkings op die gesigte wat almal na hom toe gekeer is.

,,Moet julle nie ontstel nie," sê hy so bedaard as moontlik. want die inspanning van so pas laat hom nog steeds na asem hyg. ,,Die bemanning veg sterk. Hulle sal die rowers terugdryf na hul eie skip toe. Ons het hul skip ook raakgeskiet. Dit mag reeds nou aan die sink wees."

,,Ons het gesien hoe die laaste kanonvuur verwoesting saai." sê Anna te Hoogen en haar stem klink sterk en kalm. ,,Hier agter uit die kom-venster kan 'n mens na die kant toe sien. Ons het gesien hoe die kaperboot naderkom."



Onderwyl sy praat. kom sy nader na Frederick. Sy staan by hom daar langs die deur.

,,Kon jy sien wie hulle is. Frederick?"

Hy kyk skerp na haar. Sy oë soek na iets in haar blik.

,,Wat bedoel jy. Anna?"

,,Kon jy die seerowers sien? Het jy hul kaptein gesien?"

Hy antwoord nie dadelik nie. Dan laat hy sy oë sak asof hy skielik besef dat hierdie vrou se gedagtes nog steeds teruggaan na gebeurtenisse wat hy liewer sou wou hê sy moet vergeet.

,,Ek het nie die kaptein gesien nie," sê hy dan. ,,Dit is maar net die gewone mengelmoes van barbaarse moordenaars."

Hy bly daar by die deur staan. Buite kan hulle hoor hoe die geveg voortgaan. Mettertyd is dit asof die rumoer verminder. Die spanning by die vrouens neem toe. Dit is onmoontlik om vas te stel wie besig is om die oorhand te kry.

Frederick de Nuys kan wel raai. Hy verwag trouens dat daardie deur binnekort weer oopgestamp sal word en dat die woestaards daar sal inborrel. Werktuiglik hou hy die rapierhef stywer vas.

'n Ruk gaan deur sy liggaam. Bo die lawaai van stampende voete. die geskuur van metaal op metaal en die geskreeu van die vegtendes kan hy duidelik hoor hoedat iemand aan die handvatsel van die kajuitdeur draai.

Hy kan sien dat Anna te Hoogen ook daarvan bewus is. Sy staar na hom met 'n soort uitdrukking wat wil verneem of hy kan bevestig dat hul einde inderdaad aangebreek het. Hy sê niks.

Daar is skielik 'n harde gestamp aan die deur gevolg deur 'n paar woeste. ruwe uitroepe aan die buitekant. Dit klink asof die geveg verby is. 'n Swaar liggaam val hard teen die planke aan.

,,Ek sal kyk hoeveel van hulle ek kan keer. Anna. Ek wil jou net sê dat ek. . ." Hierdie keer is daar 'n gestamp wat klink asof hulle besig is om die deur met 'n swaar voorwerp toe te takel. Hy hou dus op met praat en hardloop in die gang af. Net binnekant die deur staan hy met sy rapier gereed. Agter hom gil van die vrouens weer. maar dan hoor hy Anna en 'n paar van die ander se gerusstellende stemme.

Meteens bars die deur oop. Daar kan maar twee mense tegelyk in die gang af beweeg. 'n Paar druk dadelik in en

voordat hulle nog kan vasstel wat daar in die gang is, het De Nuys reeds oor die liggame van die twee wat hy vroeër neergevel het, getree en het sy rapierpunt die een laat terugsteier. 'n Ander neem die man se plek. In die nou ruimte swaai hul sabels op hom neer. Van agter af druk 'n paar ander in en duidelik kan Frederick hoor hoe van die agterstes verkondig dat daar vrouens hier in die kajuit is.

Noodgedwonge moet hy retireer. Die druk van agter af teen die voorste seerowers is so sterk dat een van hulle half bo-op hom gestoot word. Hy deurboor dié met sy rapier, maar nou bevind hy hom reeds by die kajuit waar die gang daarin uitloop. Sy gewrig is moeg. 'n Harde hou van 'n sabel laat die rapier uit sy greep val en oor die vloer wegskuif. Hy spring agteruit en met sy hande langs sy sye staan hy magteloos.

'n Klomp van die kaperboot se bemanning storm by die vertrek in, maar hulle val De Nuys nie aan nie. Hulle kom dadelik tot stilstand en skaar hulle teen die muur langs, want agter hulle in die gang was daar meteens 'n bulderende stem.

'n Groot seerower baan 'n weg tussen hulle deur. Hy kom 'n paar tree voor Frederick de Nuys tot stilstand. Sy woeste baard is ongekam en sy gesig lyk olierig van vuilheid. Daar is 'n grynslag om sy lippe onderwyl hy na die vrouens kyk. Ook die ander seerowers staar hulle amper oopmond aan.

,,Nou toe nou!" sê die man met 'n growwe stem. ,,Kyk net wat kry ons hier!"

Onderwyl hy praat, trek hy 'n pistool uit sy gordel. Doodluiters hou hy dit in sy hand en korrel na De Nuys toe.

,,Wat soek jy hier tussen die vrouens, mannetjie? Ons het jou teenwoordigheid nie nodig nie." Die pistoolpunt word opgelig. Frederick de Nuys maak sy oë toe.

,,Wat nou!" Dit is die seerowerkaptein wat uitgeroep het. Frederick maak sy oë oop en dan sien hy dat Anna te Hoogen reg voor hom staan. Onmiddellik wil hy opsy tree om agter haar uit te kom, maar dan voel hy haar hand op sy gewrig. Hy staan stil.

,,O, so?" Die seerower laat die pistoolpunt sak. ,,Dan is jy nogal dapper. Is dit dalk jou geliefde!" Hy skaterlag. ,,Vat hom," sê hy vir 'n paar van sy manne. ,,Vat hom en bind hom vas. Ons gaan nog heelwat pret hê. Moet hom tog net nie seermaak nie," voeg hy spottend by.

Anna te Hoogen besef dat dit haar niks sal baat om weerstand te bied nie. Deur haar optrede en omdat sy instinktief gevoel het dat hierdie wreedaards die vrouens nie 'n genadige dood met 'n koeël of 'n swaardlem sal gun nie, het sy dit gewaag om voor Frederick te tree en om sodoende—hoe tydelik ook al—sy lewe te red.

,,Neem hulle uit!" snou die kaptein 'n paar van sy manne toe. ,,Neem hulle na ons skip toe."

Drie van die kêrels het Frederick reeds beetgepak en sleep hom nou bra onsag in die gang af. Die ander storm op die vrouens af. Blykbaar is hierdie 'n bevel waarvan hulle hou. 'n Paar van die meisies gil. Anna te Hoogen staan fier en staar die kaptein stip in die oë.

,,As jy nie omgee nie sal ons liewer sonder hulp aanstap."

Die man staar haar 'n oomblik koel aan. Dan bars hy weer uit van die lag.

,,Staan terug, julle honde!" bulder hy. ,,Staan terug en laat die dames vooruit gaan!" Onderwyl hy praat, tree hy ook opsy. Hy maak 'n poging tot 'n buiging terwyl sy skouers nog steeds skud van die lag. Anna beduie dat die vrouens haar moet volg. Toe sy by die man verby stap, haak hy af en slaan haar 'n harde hou met die plathand op haar rug. Sy struikel effens vorentoe, maar stap dan verder. Agter haar lag die seerowers nog steeds.

By die deur van die kajuit deins sy terug. Buite op die dek lê daar gesneuweldes net waar jy kyk. Sy het wel so iets verwag, maar die aakligheid van die toneel kon sy haar voor nou nie voorstel nie. Dadelik besef sy egter dat sy haar houding nie durf verander nie. Sy moet voortstap om 'n voorbeeld aan die ander vrouens te stel.

Die groepie vrouens is om haar geskaar. Die seerowerkaptein kom by die kajuitdeur uit. Die res wag op sy bevele.

,,Daar is 'n skip!" roep iemand meteens hard van die kaperboot af uit. ,,Daar is 'n skip skaars tweehonderd tree van ons af!"

Die kaptein storm na die reling toe. Met een sprong is hy daarop. Hy gryp 'n tou om na die anderkant toe oor te spring, maar op daardie oomblik is dit asof die lug geskeur word deur die donderende geknal van kanonvuur. Selfs die Jansje Meer ruk van die geweldige siddering wat daar deur kaperboot gaan. Amper oombliklik hel die boot van die Jansje Meer af weg asof die anderkant daarvan weggeskiet is.

,,Hulle het die skip net mooi op die waterlyn getref!" skreeu die seerower van anderkant af. ,,Die skip sink!"

Anna te Hoogen kyk tussen die maste, seile en touwerk van die seerowerskip deur. Daar, skaars 'n honderd-en-vyftig tree anderkant hulle, lê 'n pragtige skip in die water. Op hierdie oomblik lyk dit asof hy roerloos vasgeanker is. Uit die geskutspoorte trek daar darem nog rookwalms.

Sy kan haar verbeel wat gebeur het. Onderwyl die geveg hier op die Jansje Meer aan die gang was, het daardie skip aan die ander kant van die kaperboot nader gekom. Die kanse om hom te sien was dus maar skraal. Hy het binne trefafstand gekom, skeef gedraai en toe sekuur op die kaperboot geskiet. Met daardie een verwoestende sarsie stuur hy die boot die dieptes in.

Groot stukke van die Jansje Meer se kantreling en ook van die dekplanke word weggeruk en geskeur soos die grypysters daarheen trek terwyl die ander skip oorhel en wegsak. Die seerowerkaptein het vinnig teruggespring. Die vrouens staan dig opmekaar.

Skaars twee minute later rol die Jansje Meer gevaarlik soos die kaperboot in die water verdwyn. Dit klots hier teen die kant vas en skuimspatsels val op die dek en teen die vrouens se gesigte en klere aan.

Anna staar oor die water na daardie groot swart skip met die wit seile. Sy sien die swart seerowervlag aan die mas en dan bewe haar asem deur haar keel, want selfs hiervandaan kan sy die naam van daardie skip duidelik lees.

Seewraak! Dit staan op die boeg in groot wit letters. Seewraak! Daar is skielik 'n splinternuwe gedagte in haar kop—wat sou daardie woord nie dalk werklik beteken nie? Sy word van haar gedagtes weggeruk toe sy Frederick de Nuys skielik langs haar sien. Hy staan stil en staar ook na daardie skip.

Op die kwartdek kan hulle twee mans duidelik sien stap. Die een is lank en skraal, die ander van middelmatige lengte.

,,Dit is net soos kaptein Ruiter vertel het," fluister sy en De Nuys kan die spanning in haar houding agterkom.

Hy antwoord haar nie. Op daardie oomblik roep die seerowerkaptein 'n entjie van hulle af luidkeels toe:

,,Is julle gek?" bulder hy. ,,Kon julle nie sien wie ons is nie? Volgens watter reëls mag julle op ons skiet? Wie is jul



kaptein?"

,,Dit maak nie saak nie!" skreeu die lang man terug. Die woorde kom duidelik oor die water na hulle toe aan. ,,Daardie prooi is ons s'n! Dit spyt ons egter dat ons jul skip gesink het voordat julle almal daarin was!"

,,Wat praat jy, kêrel?" bulder die seerowerkaptein hier langs Anna-hulle. Sy kan nou duidelik hoor dat die man heeltemal verbysterd is en dat hy self glad nie kan verstaan wat aan die gang is nie. ,,Dit is my buit hierdie!"

,,Jy bedoel dat dit jou buit wás!" kom dit doodluiters van die sierlike Seewraak af.

,,Maar hoe kan julle so iets doen!" skreeu die kaptein terug. ,,Wie is julle? Wie is die kaptein van jou skip?"

,,Kaptein Oloff!"

Daar gaan 'n amper bedwelmende gewaarwording deur Anna te Hoogen. Werktuiglik strek sy haar hand uit en hou aan die kantreling vas. Frederick de Nuys kyk na haar en dan weer vinnig terug na die Seewraak.

,,Oloff?" roep die kaptein uit. ,,Ek ken hom nie; wie is hy?"

,,Ek weet dat jy hom nie ken nie," antwoord die lang man koel. ,,Almal wat hom ontmoet, sterf!"

,,Ons is kamerade van die see. Julle het my skip vernietig. Julle kan minstens toelaat dat ek met hierdie vangs voortgaan."

,,Dit is ons s'n. Ons is van plan om dit van julle af te neem."

,,Maar wat van ons?"

Onderwyl die man dit vra, volg Frederick sy blik. Hy sien hoe die bebaarde seerower na die twaalf geskutspoorte van die Seewraak kyk. Inderdaad het die vier kanonne van die Jansje Meer nie 'n kans teen die Seewraak nie. Bes moontlik is die bemanning van die Seewraak ook heelwat meer as hierdie seerower se bende.

,,Ek het reeds gesê dat julle saam met jul eie skip behoort te gesink het," antwoord die lang man. ,,Wie is jy en waar kom julle vandaan?"

,,Ek is kaptein Buys. Ek kom pas van Deelenbaai."

Die spreker op die Seewraak aarsel 'n oomblik. Dan vra hy skielik:

,,Het jy kaptein Borghort iewers teëgekom? Hulle noem hom Slinkshart."

,,Nee," antwoord Buys en hy klink amper verlig om te verneem dat die gesprek nou 'n ander wending geneem het.

„Hy is van Deelenbaai af noorde toe. Kan ons nou maar vertrek?" vra hy hoopvol.

„Maak jy 'n grap?" Duidelik hoor hulle die lang man lag. Dan sien Frederick en Anna tegelyk die man wat op die kwartdek van die Seewraak verskyn. Hiervandaan is dit moeilik om die gelaatstrekke van die Seewraak se bemanning te onderskei. Tog is daar meteens 'n opgewonde tinteling in Anna se gemoed. Dit is asof sy daardie gestalte herken, en dan skielik sien sy hoe 'n sonstraal die rooi hare op sy hoof laat skitter.

Oloff! Maar is dit Oloff van Wagenaar, of is Oloff die Seerower iemand anders? Is hy dalk daardie man wat volgens Oloff so op 'n haar na soos hy lyk?

Die nuweling gesels 'n oomblik met die lang man. Dan sien hulle duidelik hoe die groot skip effens draai en met 'n sierlike. beweging na die Jansje Meer toe aankom.

„Wat gaan julle doen?" bulder Buys. Sy stem is vreesbevange.

„Ons stuur julle die dieptes in," kom die antwoord onverbiddelik.





'n Ruk is daar doodse stilte aan boord die Jansje Meer. Die paar vrouens hier in die hoek by Frederick de Nuys voel verlam. Solank hulle nog gelewe het, was daar hoop, al was die vooruitsigte. hoe aaklig. Nou is dit asof die vonnis finaal gevel is en hul hul dood onafwendbaar in die koue seewater sal vind.

Buys staan terug van die kantreling af. Agter hom staan sy bemanning saamgepak. Hulle staar met groot oë na die naderende Seewraak. Reeds weet hulle dat daardie twaalf kanonne maar net een keer hoef te bulder. So sekuur is die kanonnier dat hy met een sarsie die hele kant van die skip net bokant die watervlak sal wegskiet. Oombliklik sal die skip met water gevul word en stadig in die dieptes wegsak.

„Ons gee ons vyande gewoonlik die geleentheid om hul te verdedig!" skree Buys wanhopig. „Sal ons vriende ons dan nie eens daardie voorreg gun nie?"

„Ek het nie bedoel dat ons julle sonder meer die diepte in sal stuur nie," antwoord die lang man wat nou effens agter die bollende seile versteek is. „Ons kom aan boord. Ons wil eers buit wat daar te buit is. Daarna sink julle saam."

Asof nuwe hoop in hom opwel, spring Buys terug. Vinnig skreeu hy bevele aan sy manne. Pistole en geweers word van die nek af opgeraap waar die verdedigers van die Jansje Meer dit uit hul doodsgreep laat val het. Vinnig word daar gelaai. 'n Paar oomblikke later staan Buys se manne langs die kantreling gereed. Dit lyk asof die kaptein die vrouens en De Nuys heeltemal vergeet het.

Nou is die Seewraak maar 'n paar tree van hulle af. Dit lyk asof die groot skip met sy boeg dwars in die Jansje Meer sal jaag, maar dan swaai hy vinnig. Die seile hang 'n oomblik slap soos hy oorhel en dan, met 'n statige beweging, skuur sy kant teen die Jansje Meer aan.

Opmerklik is dit vir Anna dat daar skaars 'n woord uit die kele van die Seewraak se bemanning kom. Stil, soos geeste, swaai hulle deur die lug en spring oor die kantreling. Grypysters suis deur die lig en bind die twee skepe stewig aan mekaar vas. Die sarsie pistool- en geweerskote wat deur die seerowers van kaptein Buys afgevuur is, het geen skade aangerig nie, want so op die tippie het die Seewraak gedraai dat die twee groepe handgemeen geraak het voordat daar nog